



KAMMANUUS

Nommer 247

17 November 2008

TOULEIER

Ons soek bynaam-stories!



Veertig dae en veertig nagte later is ek nog steeds in die woestyn. Ook al klaar die gevreesde Katar-kilo opgetel. Die seeluggie maak 'n mens lekker honger en die eetplekke is baie.

Ek raak ook al meer gerus en kan darem al effe rondloer as ek bestuur. Sien al so hier en daar die gekleurde jokkie-onderbroek SA vlaggie agterop die kattebak van mede Saner-motoriste raak.

My waterverskaffer, 'n Egiptenaar, vertel my hy het nog twintig ander Duskantland-kliente. Het glo by nog 200 ander aangeklop, maar hulle was nie dors nie. Merk hy toe ook op, ons is mede-Afrikaner. Ek het nog nooit so daaraan gedink nie.

Lekker diens, die van die Nestlé-waterhandelaar. Hulle kom kyk een keer per week of jy jou leë 20 liter waterbottel met 'n koepan buite die deur gesit het. Laat 'n mens skoon terugverlang na die tyd toe melk nog so afgelewer is.

Ekself gaan nog 'n entjie verder terug, Upington toe. Ek was 'n laaitie toe die melkbottels nog sulke wye bekke gehad het, met 'n kartondekseltjie. Net soos Walls se destydse roomysbakkies. En toe kom die aluminium dekseltjie, daai een wat jy so met die duim in die middel druk en dan aflag.

• **Kamermaatjie** was vinnig hier vir 'n week se kuiertjie, om my te kom wys hoe die skottelgoedwasser werk en dat die bed nie homself gaan opmaak nie. 'n Mens kry goed ook makliker as jy netjieser lewe. Geen wonder ek was altyd laat vir klas op Skelmbosch nie.

Boek oor byname: Stuur jou bydrae!

Skryf Francois vir ons van die boek wat hy aan't saamstel is. Unieke Afrikaanse byname.

Die Kaap laat weet ons lesers raak lui, hulle wil nie skryf nie. Ek het nog meer hout op die man se vuur gaan pak deur die eertydse Kammanuus no. 44 laas week uit te stuur. "Sien jy nou, kyk net hoe baie briewe van die lesers was daar daai tyd" was sy vinnige e-pos aan my.

Kom julle, daar is êrens in jou verlede of hede 'n interessante bynaam met 'n geskiedenis of spesiale betekenis. Kom ek skop af met en paar van die vele byname wat my oom Gert Becker van Donkiekraal daar in die ou Kalahari, so gevat aan 'n mens toegeken het.

Sy skoonseun se pa, Oom Hansie, was een van daai manne wat graag in die nag op die lang plaas gejag het. Hy het 'n voorliefde gehad vir steenbökkies en kon die goedjies net nie uitlos nie.

Hy moes hulle egter wegsteek, want dit was teen die wet. Agter sy bakkie se sitplek was net plek vir maksimum drie. Toe kry hy die gepaste naam van Driebokke. Almal in die Kalahari het hom daarna net aan daai naam geken.

Of soos oom Alkant. Enige een 'n idee van waar hy aan sy naam sou gekom het? Ek wag vir jou BYNAAM bydrae – stuur 'n epos gemerk **bynaam** aan pos@onsdorp.com

Daar is dié keer 'n DVD van Blik en Snaar se geskiedenis van die Afrikaanse ligte liedjie op die spel as prys vir die beste een wat ek ontvang.

Onthou, jy moet ook van die bynaam se herkoms vertel.

Van Blik en Snaar gepraat, daar is nog net 'n paar van hulle oor, so moenie wag om een te wen nie, bestel nou jou Kersgeskenk. Gaan kyk hoe hy lyk op www.onsdorp.com/dvd.html.

Groete vanaf die kant van die groot sand.

Hennie Greeff
Doha, Katar



ROELFIE SLAAT RAAK

☐ Stem vir die DIK Party!

ROELFIE is vandeeweek bietjie lui vir dink, en nou ploeg hy bietjie met Blouwillem van *Beeld* se kallers.

Hy en sy pelle, skryf Blouwillem, gaan nou ook 'n party stig: die DIK party.

Hulle moet nog uitwerk waarvoor DIK staan: Demonikrasie in Krisis, of dalk sommer 'n korter woord op die einde.

Maar hulle is nou properlies DIK vir daadmis en korrupsie;

DIK vir swak diens en snotneus Joef Lieg-leiers;

DIK vir vyande van die Springbok;

DIK vir bankkoste en 'n onderwysstelsel wat elke jaar nuwe skares analfabete oplewer;

DIK vir die swak rand en omdat ons volk se kinders oorsee sit en hulle kindertjies nie eens meer Afrikaans kan praat nie;

DIK vir allerhande goeters in ons drinkwater. Ensovoorts.

► **Roelfie sal ook vir hierdie party stem, en nie net omdat Blouwillem 'n verlangse aangetroude kleinneef aan moederskant is nie.**

☐ Bedreigde Bokkie

'n Jaar nadat duisende – veral swart – mense in straatoptogte agter die Springbokke aangestroom en daar ook in die volkiesraad paartie gehou is, moet hierdie "oorblyfsel van apartheid" van die trui verwyder word. Die wapen is 42 jaar ouer as die apartheidswetgewing, het enorme emosionele en finansiële waarde, maar nee . . .

► **Maar die Springbok IS mos verteenwoordigend van die hele bevolking: Sy rug is bruin, sy pens is wit en sy foefenjol is swart!!**

☐ Ou gewoontes

EN daar raak die hele wêreld op hol toe Bananarama gekies word as Jors Bossies se opvolger in Amerika. En nou word daar in Duskantland gestry of hy swart, bruin of halfpad wit is, met sy Keniaanse pa en wit ma.

En die ANC se Sandputkinders stuur 'n boodskap waarin hulle *demand* dat alle "onwettige oorloë en besettings beëindig word." Tipies vasgevang in hul eie idee van hul belangrikheid en aansien.

En wat doen Afrika? Hulle sê geluk, en hou dadelik die hoed vir aalmoese uit.

► **Ou gewoontes sterf moeilik.**

☐ Dieselfde kuikens

EN nou het die wegbrekers van die ANC 'n naam gekry: Congress of the Piepols, ofte wel COPE. Die party se kleure kom ook reguit uit die Smartie-boks: goud, rooi, groen, wit en swart. (Dit was eers COP, maar dit klink toe seker te veel na wet en orde, of is dit korrupsie?)

Maar dit lyk vir Roelfie of die ou spul klaar stoom begin verloor, want die mense begin wonder hoe kan 'n paar kuikens wat onder dieselfde hen uitgebroei is, anders pik.

► **En wat laat enigeen dink hulle sal beter met die misdaad en korrupsie COPE?**

☐ Vermaaklike broedertwis

HOE langer hierdie swart broedertwis aanhou, hoe vermaakliker word dit. In Wes-Slaapland het daar ook 'n hele klompie dienende amptenare oorgeloop, wat hul premier genoop het om te sê dis goed dat hulle loop – hulle was in elk geval nooit iets werd nie.

Roelfie gaan nie hieroor stry nie. Hy gaan net wonder: Wie het in die eerste plek dié spul loodswaaiers aangestel?

En dan loop Stortkop Zuma, hy met die baie vroue en die baie klagtes teen hom, wye draaie om antie Helen Zille van die DA se uitdaging tot 'n debat.

Kan hom nie blameer nie, want hy moet besef dat hy net nie intellektueel in staat is tot 'n debat nie.

► **Antie Zille sal die vloer met hom was, en hom soos 'n mop uitdroog.**

Allegaatjie



SLAAP in die kerk

Van der Merwe loop eendag die dominee raak. Ná so paar koeitjies en kalfies kom Van met sy probleem uit: "Dominee sien, ons het so klein probleempie. My vrou raak heeltyd aan die slaap tydens dominee se preke en dis 'n erge verleentheid. Wat moet ek doen?"

Die dominee peins so rukkie en sê toe: "Ek het dit nogal agtergekom. Ek sê jou wat. Ek sal vir jou knik op 'n geleë tyd. Neem 'n speld saam kerk toe. Sodra ek vir jou knik, prik jy haar met die speld in die been."

Die volgende Sondag in die kerk begin Van se vrou wegraak en die dominee begin met sy plan:

"En wie het vir al ons sondes gesterf?" vra hy, en knik vir Van.

"Jesus!" skree Van se vrou toe hy haar prik.

"Ja! u is reg, suster!"

Dis nie lank voordat sy weer slaperig word nie. "En wie is ons Skepper, broeders en susters?" vra dominee aan die gemeente, al knikkend aan Van.

"My God!" skree mev. Van soos Van haar steek.

"Weer reg, suster!" bulder dominee.

Maar dis nie lank nie of Van se vrou raak weer in droomland weg. Maar hierdie keer het die dominee nie agtergekom nie, en hy tel sy preek se tempo op terwyl die kopknik en handgebare links en regs gegooi word:

"En wat was Eva se woorde aan Adam met die geboorte van die 9de spruit?" vra hy opgewonde. En Van steek.

Hierdie keer spring sy vrou op en skree:

"As jy daai ding nog een keer in my druk, breek ek hom middeldeur en steek hom in jou poepol op!"

"Amen!" sê al die susters in 'n koor.

(Met dank aan die dominee wat hierdie een ingestuur het.)



Die blondine in die garage

Die blondine stap by die garage in en vra vir 'n 710.

Die verkoopsmannie kyk haar verstom aan. "Wat is 'n 710?"

"Ag, jy weet, daai dingetjie in die middel van die enjin. Ek het myne verloor, en soek 'n nuwe."

Sy voeg by dat sy nie eintlik weet wat dit is nie, maar dit was nog altyd daar.

Die verkoopsmannie vra haar om dit te teken. Sy trek 'n sirkel en skryf 710 in die middel.

Die man vat toe die tekening, maak 'n ander motor se enjinkap oop en vra, "Is daar 'n 710 in hierdie enjin?"

"Natuurlik! sê sy. "Kyk, dáár sit hy!"

(Kyk na die prentjie as jy self nie weet wat 'n 710 is nie.)

Gatiep loop met 'n spul sinkplate onder sy arm die straat af.

Sy pel vra: "Wat is daai?"

Gatiep: "Ek is vanoggend geskei, en ek het die huis gekry."

Die sekretaresse sien haar baas se gulf is oop.

"Meneer, jou garagedeur is oop."

Hy: "Sien jy my Ferrari?"

Sy: "Nee, ek sien 'n klein bromponie met twee pap wiele."



Dié week se giggels



GHOLF

'n Vroulike minister van Suid-Afrika word na 'n gholfdinee genooi - 'n spel waarvan sy nog net vaagweg gehoor het.

"En," vra sy aan 'n speler, "hoekom het jy 'n beroeps-gholfspeler geword?"

"Waarskynlik omdat my pa een was," antwoord hy.

"En wat sou gebeur het as jou pa 'n misdadiger was?" sis die minister.

"O," sê hy, "in daai geval sou ek 'n politikus geword het."

BOESMANSTORIE

'n Ou Boesman kry 'n spieël in die veld. Hy weet nie wat dit is nie. Hy skrik toe hy daarin kyk, want die gesig wat hy sien, lyk nes sy oorlede pa.

Elke keer as hy na sy pa verlang, kyk hy in die spieël en huil verdrietig.

Sy vrou wonder later wat aangaan en gryp die spieël. Sy kyk daarin en sien die lelikste vrou wat sy nog ooit gesien het.

Sy skree vir haar man: "Jou gemors, is dit oor die lelike ou vrou wat jy so tjank?"

DRINK OP HEILBRON!

Twee mans sit 'n Vrydagaand laat in 'n kroeg in Pretoria.

"So waar kom jy vandaan?" vra een.

"Van die Vrystaat," antwoord hy.

"Ongelooflik! Ek kom ook van die Vrystaat! Kom ons drink 'n brandewyn op die Vrystaat en die noodlot wat ons hier saambring het! En waar is jy gebore?"

"Ek is in Heilbron gebore," sê die man.

"Jy lieg! Ek ook! Ek is ook in Heilbron gebore! Kom, drink nog 'n brandewyn op Heilbron en die noodlot wat ons hier saambring het!"

So gaan dit aan, brandewyn ná brandewyn op alles wat hulle gemeen het.

'n Man aan die verste punt van die toonbank hou die twee al lank dop en sy nuuskierigheid raak te erg.

"Wat gaan aan met daardie twee?" vra hy aan die kroegman.

"Ag, ignoreer dit maar," antwoord hy. "Dis die Fourie-tweeling, hulle is weer gesuip."

Die man was besig om deur die verskillende TV-kanale te flits, toe sy vrou langs hom kom sit. "Wat's op die TV?" vra sy.

"Stof," sê hy.

En toe begin die bakleierey . . .

STORT-SEKS

In 'n onlangse studie is bevind dat Afro-Amerikane die beste kans het om seks onder die stort te hê.

In die opname, wat vir die toiletware-firma Brut gedoen is, het 86% swart Amerikaners gesê hulle het al seks onder die stort gehad.

Die ander 14% het gesê hulle was nog nie in die tronk nie.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Duskantlanders in Anderkantland

Londen: Elke boemelaar se droom

Deur **FRANCOIS GREEFF**

"In hierdie stad, wat so voorgee om gestremd-verskrik te wees, het ek nog nooit 'n enkele gebou gesien wat nie trappe het nie."

HOE ervaar die gemiddelde Suid-Afrikaner Londen? Wel, ek is al tien jaar lank hier, en al wat ek van gemiddeld weet is dat beide my ouers (in die ou Vaderland) gemiddeld elke twee weke kerk toe gaan. Die gemiddeld werk mooi vir Pa, want my ma gaan elke week kerk toe.

Ek het geen ander ervaring van gemiddeld nie, want ek is buitengewoon intelligent, buitengewoon aantreklik, en buitengewoon beskeie. 'n Meisie het my eenkeer aan haar vriend voorgestel, en my beskryf:

"Jack, this is Francois. Don't expect the ordinary, because with him it is either half a dozen of one, or six dozen of the other." Ek moet haar dit gun, sy is reg, ek neig na ekstreme.

Londen ook, ver meer as ek. Hulle praat van "The Affluent Society" en hulle is reg, want hier is selfs die armste mense ryk.

Boemelaars wat op straat slaap het vrye toegang tot rekenaars en die internet – sonder aflaaibeperkinge of kwotas. Die ding werk so. Snags, wanneer dit koud is en die ryp op die gras lê, slaap die boemelaars buite, en dan is elke deur in die stad vir hulle gesluit.

Ekself het een oggend sesuur wakker geword, met twee duim sneeu op my slaapsak, en die hele wêreld spierwit. Maar bedags, wanneer dit nie so koud is nie, gaan die sentrums vir hawelose mense oop.

Dan stap die half verkleumdes die warmte in, en geniet die heerlikste ontbyte: spek en eiers en skaaptjoppies met sampioene en in sy malle verstand, wil sousboontjies vir ontbyt eet?

En gekookte pap – nie mieliemeel of Maltabella nie, net 'oats'. Hawer, wat ons altyd vir die perde gevoer het, en graanvlokkies en vars vrugte.

Roosterbrood en croissants met ses soorte konfy. Koffie en tee, of melk, en vrugtesap. Dit is soos 'n hotel.

Hulle oorval jou soggens asof hulle gewetes heelnaag gewerk het, terwyl jy in die reën geslaap het.

Ná ontbyt stap 'n mens die trap op na die rekenaarkamer.

Alles in Londen het trappe. In hierdie stad, wat so voorgee om gestremdeid-verskrik te wees, het ek nog nooit 'n enkele gebou gesien wat nie trappe het nie.

Die rekenaarkamer het dosyne rekenaars, met ruim internet, en kenners wat jou help as jy vashaak.

Daar is selfs mense wat van die universiteite af kom om klas te gee oor rekenaargebruik.

Ekself het so 'n paar kursusse gedoen en pampiere gekry van Hammersmith University en Westminster University.

In die dae toe ek 'n boemelaar was en buite geslaap het, het ek 'n hele boek op daardie rekenaars geskryf, en daardie boek is gepubliseer in Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, die VSA, Kanada, Europa en Groot Britanje.



Die skrywer in sy boemelaar-dae

• **Volgende keer vertel Francois meer van Sloane Square se vuurwerkvertonings en alles wat daarmee gepaard gaan.**



MAKERIEPAS!

Suster Verster en die blindederm

Deur Corinus

In Januarie 1971 meld ek my as 17-jarige vir diensplig by die SA Leërgimnasium in Heidelberg (Transvaal) aan.

Dis 'n vreemde wêreld, vreemde klimaat (in die Boland is ek gewoon aan sewe dae se reën op 'n keer, hier reën dit sommer binne 'n halfuur klaar), vreemde mense (nie net die manne met strepies op hul arms nie, maar ook mededienspligtiges), vreemde gebruike en vreemde roetines.

My pelotonsersant is sers Kiepie de Wit, kort van postuur en humeur, en so beneuk met 'n klomp "rowe" (dis nou ons) dat die erd behoorlik van hom afspring.

Saam met ons in die peloton is Suster Verster. Hy is bietjie oorgewig en dra permanent 'n wit dobbie as bewys dat hy 'n mediese probleem het. As ons iewers heen moet hol, drentel hy rustig agterna. As Kiepie die wit waks uit ons drill, staan hy oppieplekrus aan die kant van die paradegrond en sweet nie eers nie.

Wanneer ons middae by die eetsaal aankom, is hy reeds daar. Dit het seker vir so drie weke aangehou en ons klomp was later goed dik vir hom, maar sy wit dobbie beskerm hom en maak hom onaanraakbaar.

Een middag moet ons die roete om die skietbaan hardloop. Almal staan aange-tree, met Suster Verster wat ook daar rondhang. Hoewel hy nie mag hardloop nie, moet hy by al die aktiwiteite wees.

Kiepie vra op 'n stadium: "Verster, wat is fout met jou?"

"Nee Sersant, ek het 'n blindedermoperasie gehad."

"Nou wanneer was dit?"

"Toe ek vyf was."

Kom die opdrag onmiddellik: "Makeriepas!" en Suster word summier derde van voor in die peloton ingedruk, en daar gaan ons op 'n stywe galop. Dis nie 100 jaar nie of Verster gryp na die lug en slaan neer. Die drie weke van niksdoen terwyl ons ander al lekker aan die fiks word was, het nou nie juis vir sy asem gehelp nie.

Dis bietjie chaos soos die ouens agtertoe probeer om nie op of oor hom te val of op hom te trap nie. Kiepie halt die peloton, Verster neem sy plek in en daar trek ons weer.

Dis nie 200 tree nie, of Verster gryp weer na die lug en gaan weer grond toe. Kiepie halt die peloton net daar. "Verster, kom neem jou plek as merker heel voor in. Die agtermiddag is jonk en die aand lank. Laat ek net sien dat een van julle die pas verbreek as Verster weer val, en julle kom vannag baie laat in die bed. Looppas, mars!"

Hierdie keer hou hy so 'n 50 meter voor hy weer neersy. Toe die derde stewel weier om sy lêplek te ontsien en sonder ontsag (en miskien met 'n bietjie wrewel daaragter) bo-op of deur hom probeer trap, vlieg hy daar op en bly voor tot in die kamp terwyl 'n koor van stemme hom van agter af aanmoedig.

"Laat hom bietjie na agtertoe deurkom, manne" en "I want to bone my boot tip with some stomach fat" en "Los iets vir ons ouens hier agter." Gewoonlik is dit doodsonde om in 'n peloton te praat, maar Kiepie is skielik so doof soos 'n kwartel.

Ek moet sê, Suster Verster se vetjies het daarna merkwaardig vinnig weggesmelt - daarvoor het 'Kiepie' gesorg! Lesse hieruit geleer?

1. Jy kan net tot op 'n punt lyf wegsteek.
2. Groepsdruk kan ook positief op iemand inwerk, al is dit in die vorm van 30 paar stewels.
3. Dis soms goed om aan selektiewe doofheid te lei.
4. Moenie te lank wag om van 'n operasie te herstel nie!

Met erkenning aan Egafrikaans, waarin hierdie vertelling onlangs verskyn het.



Brood vir die Blik

Anna se gesonde aartappelbroodjie

250ml aartappels, fyn gedruk
250ml koekmeel
5ml sout
500ml ongegeurde lae- vet jogurt

525ml volgraanmeel
7ml koeksoda
10ml bruinsuiker

Voorverhit oond tot 180 °C. Meng die droë bestanddele saam. Vryf die aartappels met die vingerpunte in die droë bestanddele in. Meng die jogurt met die mengsel. Plaas die deeg in 'n gesmeerde broodpannetjie van 220mm x 100mm. Bak vir 1 uur en 15 minute.

Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks e-kookboeke. Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

www.onsdorp.com/kookpunt.html Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

De Beer

debeerwa@gmail.com

Vader Johan, moeder Mara (geb. Swanepoel), oupa : Willem Adriaan.
Sy familie kom uit Vryburg.

Kockott

srkockott@yahoo.com

Die Kockott's is oorspronklik van Oos-Londen.

Kruger / Du Plessis

suidwestersinusa@live.com

Stuur asb. soveel moontlik inligting deur van die twee vanne.

Ek weet ons stam van oom Paul af en die Du Plessis kom uit die Angola-trekkers.

Rachmann

dgloria@telkomsa.net

My oupa was Ernst Hannes wat van Duitsland gekom het.

Smith

smithd@i-traffic.co.za

My oupa is in 1910 gebore (lewe nog) en sy pa is van Engeland. Sy name is Frederik Johannes.

Dis ekke, daai!

'n Plaasboer in Suid-Afrika ontvang besoek van 'n regeringsdepartement se agent om ondersoek in te stel hoekom hy sulke swak lone betaal.

"Ek soek 'n lys van jou werknemers, en hoeveel jy hulle betaal," sê hy.

"Wel, daar is die voorman, hy is al drie jaar hier. Ek betaal hom R500 per week, met gratis inwoning.

"Die kok is al 18 maande hier, sy kry R400 per week en bly verniet.

"Dan is daar die simpel kêrel. Hy werk 18 uur per week, betaal vir sy verblyf en doen 90% van die werk.

"Ek koop elke Saterdag vir hom 'n bottel wyn, betaal hom R20 per week en hy slaap so dan en wan by my vrou."

"Aah!" sê die agent, "dis die man met wie ek wil praat - die simpel ou."

"Gaan voort," sê die boer, "jy praat reeds met hom."



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Doha: Stad van winkelsentrums

Ronel Pretorius, Katar:

Jong ek weet Katar se son kan vir jou uitdroog soos 'n stuk biltong nie gedroog kan word nie. Ja die hitte is baie erg, Nick bly seker daar naby want dis nooit 'n koud nie. Die wind waai ons soms weg met die sandstorms en dan moet jy eers van al die sand en stof ontslae raak waar jy nie kan dink stof sal of kan wees nie.

Ons bly ook in daardie stad met al die baie sirkels en ek dink ook nie dis 'n goeie ding nie. Veral as dit werk toe ry en huis toe kom tyd is nie. My man vloek soms soos 'n matroos. Want as jy nie waag om in te druk en voet in die hoek te sit nie om om een van daardie ronde landmerke te kom nie kom jy nie weg nie en dan is jy beslis een van met 'n stamp en 'n stoot gehelp word om om die ronde ding te gaan.

Ons het eers in die WestBay area gebly. Dit was 'n hop en spring van die City Center se Mall. Die Ezdan Hotel (Three towers) Hulle staan mos ook maar so hoog uit in hulle swart en wit wat lyk soos 'n rugbypale wat geplant is in 3 D. Ons het in Tower 2 gebly op die 27ste vloer. Gou het ek vir manlief gesê hierdie hoogding maak my baie bang en het toe maar getrek.

Jy het vergeet om vir die mense te laat weet van die baie *mall's* wat daardie plek in een stad het en dis nou regtig heerlik hoor. Loop natuurlik vir ure aaneen om als te loop en bekyk en dan is dit nie eers die stad self met al sy winkels van alle reënboognasies nie.

Dis regtig 'n lekker plek net jammer dis so warm, maar die meeste van die mense is baie vriendelik en help graag. Ons gaan gewoonlik Vrydae (hulle Sondag daar) duine toe. Dis vet pret hoor, daar is altyd sport op stereo. Daardie manne mag maar op die sand ry!

Mans word maar net nie groot nie dis net die speelgoed wat duurder raak. En gelukkig is hulle darem gou gespeen want die drank ding daar word nie sommer toegelaat nie.

Daar is baie van ons SA mense daar en dis tog te lekker as jy loop en hoor as iemand Afrikaans praat.

Kortetjies

SAOEDI WAS 'N FEES

Paul Meyer, Australië:

Het nou na 6 maande weer by Ons Dorp en jou nuusbriewe uitgekom (bietjie besig geraak met werk). Ons geniet jou ervarings weer van voor af, want dis hoe ons dit ook ervaar het. Lyk my niks het verander nie!

Ons het 8 jaar in Khobar in Saoedië gewerk en gebly en tot 9/11 was dit 'n fees vir ons en die kinders. Het intussen weer verhuis na OZ, wat maar 'n Suid-Afrika in die klein is met al die voordele, maar sonder al die ander nadele.

KAMMANUUS BO PAP EN MELK

Rietta Genis, Duskantland:

Net 'n bewys van my inbetaling. Baie dankie, ek bly liewer sonder pap en melk soggens as sonder jou briefie, geniet dit verskriklik!

SJINESE AFSKEID

Pieter Breytenbach, Bobbejaansberg:

Dit is nou baie interessant Lieb Liebenberg wat vertel van 'n die Sjinese afskeid is 'n jare lange vriend van my, trouens hulle het 500 meter van ons afgebly, ons skryf weekliks vir mekaar en as hulle elke ses maande "huis" toe kom spandeer ons 'n naweek saam hulle.

Dit is so groot soos ons regtige leefwêreld is.

AGTEROS

Herman Charles Bosman - Meester van Humor

**Daar is seker Kammalandsers wat nog nie met hierdie skrywer kennis gemaak het nie.
Dié wat egter sy werk ken, kan net so lekker herlees aan hierdie verkorte weergawe van
*The Story of Hester van Wyk.***

Bosman se kortverhaal begin ná 'n vergadering van die debatsvereniging in 'n skoolsaal in die Groot Marico, met oom Schalk Lourens en Frik Prinsloo wat agterbly en sit en pyp rook, hoewel die skoolmeester eintlik wil toesluit en huis toe gaan.

The schoolmaster was seated at the table, with his head in his hands, and his face looking very pale in the light of the one paraffin lamp. And he was waiting for us to leave so that he could blow out his lamp and lock up the schoolroom and go home.

The schoolmaster did not only interrupt us with his coughing but also in other ways. For instance, he told us on several occasions that he had a weak chest, and if we had made up our minds to stay on like this in the classroom, talking, after the meeting was over, would we mind very much, he asked if he opened one of the windows to let out some of the blue clouds of tobacco smoke.

But Frik Prinsloo said he would mind very much. Not for our sakes, but for the schoolmaster's sake. There was nothing worse, Frik explained, than for a man with a weak chest to sit in a room with an open window.

"It is nothing for us," Frik Prinsloo said, "for Schalk Lourens and myself to sit in a room with an open window. We are two Bushveld farmers with sturdy physiques who have been through the Boer War and through the anthrax pestilence. We have survived not only human hardships, but also cattle and sheep and pig diseases.

"At Magersfontein I even slept in an aardvark hole that was half-full of water with a piece of newspaper tied around my left ankle for the rheumatism. And even so neither Schalk Lourens nor I will be so foolish as to be in a room that has got a window open."

"No," I agreed. "Never."

"And you have to take greater care of your health than any of us," Frik Prinsloo said to the school-teacher. "With your weak chest it would be dangerous to have a window open in here. Why, you can't even stand our tobacco smoke. Look at the way you are coughing right now."

After that he knocked the ash out of his pipe into an inkwell that was let into a little round hole in one of the desks, an action which he had performed just in order to show how familiar, for an uneducated man, he was with the ways of a schoolroom. Frik started telling the schoolteacher about other places he had slept in, both during the Boer War and at another time when he was doing transport driving.

Frik Prinsloo embarked on a description of the hardships of the transport driver's life in the old days.

Then the schoolmaster said, please, gentlemen, he could not stand it anymore. His health was bad, and while he could perhaps arrange to let us have the schoolroom on some other night, so that I could finish the story that I appeared to be telling to Mr Prinsloo, and he would even provide the paraffin lamp himself, he really had to go home and get some sleep.

But Frik Prinsloo said the schoolmaster did not have to worry about the paraffin. We could sit just as comfortably in the dark and talk, he said. For that matter, the schoolmaster could go to sleep in the classroom, if he liked. Just like that, sitting at the table.

"You already look half asleep," Frik told him, winking at me, "and sleeping in a schoolroom is a lot better than what happened to me during the English advance on Bloemfontein, when I slept in a donga with a lot of slime and mud and slippery tadpoles at the bottom . . ."

"In a donga half-full of water with a piece of mealie-sacking fastened around your stomach because of the colic," the school-teacher said, speaking with his head still between his hands.

"And for heaven's sake, if you have got to sleep out on the veld, why don't you sleep on top of it? Why must you go and lie inside a hole full of water or inside a slimy donga? If you farmers had hard lives, it seems to me that you yourselves did quite a lot to make them like that."

Oom Schalk het aangegaan met sy storie, maar die skoolmeester het aan die slaap geraak, wat die hele aand bederf het:

And this was one of those stories that I never finished. Because the schoolmaster fell asleep at the table, with the result that he didn't cough anymore, and I could see that because of this Frik Prinsloo could not derive the same amount of amusement from my story.

And what is even more strange is that the funny parts in the story did not sound so funny anymore, now that the schoolmaster was no longer in discomfort. The story seemed to have much more life in it, somehow, in the earlier stages when the schoolmaster was anxiously waiting for us to go home, and coughing at intervals through the blue haze of our tobacco smoke.

"It sounds to me though he is even snoring," Frik Prinsloo said. "Imagine that for ill-bred. Here you are telling a story that teaches one all about the true and deep things of life and the schoolmaster is lying with his head on the table, snoring.

"I have a good mind to wake him. First he disturbs us with his coughing, and now I can't hear a word you're saying because of his snoring. It will be a good thing if we just go home now and leave him. He seems so attached to his old schoolroom. Even staying behind at night to sleep in it.

"What would people say if I liked ploughing so much that I didn't go home at night, but just lay down on a strip of grass next to a furrow."

Nou vorder oom Schalk so effens met sy storie, maar dan trek Frik Prinsloo weer weg:

"Not that I don't sleep out on the land sometimes," Frik Prinsloo explained, "and even in the ploughing season. But then it's early afternoon of a hot day. And the kaffirs go on with the ploughing all the same. And it is very refreshing, then, to sleep under a withaak tree knowing that the kaffirs are at work in the sun. Sleeping on a strip of green grass next to a furrow . . ."

"Or inside the furrow," the schoolmaster said, and we only noticed then that he was no longer snoring. "Inside a furrow half filled with wet fertiliser and with a turnip fastened on your head because of the blue tongue."

And as I said, this story about Gawie Steyn and his wife is one of those stories that I never finished telling.

• **Verskeie versamelings van Herman Charles Bosman se stories is taamlik vryelik in goeie boekwinkels beskikbaar en het al verskeie herdrukke beleef. Hy is in 1951 oorlede.**

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 1 DESEMBER